### *Teregwysing van die inwoners van Násaret*

**23** Maar vir hulle wat My gesien het, kom Ek tog as `n profeet voor, en `n ou Násarener sê: "Eens op `n tyd het ek van `n deurtrekkende Babiloniër, wat gewoonlik as besondere tipe bedelaars ons streke en dorpe meermale besoek het en dan vir `n paar staters (pennings) allerlei toorkunste en waarsêery gedoen het, gehoor dat hy by my buurman `n voorspelling gemaak het, waar hy die volgende gesê het:

[2] 'Násaret, binne jou mure leef `n mens wat jy nie ken nie! Hy is stil en suinig met sy woorde; as Sy tyd egter gaan kom, sal die berge vir Hom en Sy woord buig; die winde en die see sal Hom gehoorsaam wees, en die dood sal vir Hom bewe en geen mag oor Hom hê nie! Dan sal die hele volk van hierdie stad hulle vreeslik verbaas; maar niemand sal Sy mag kan trotseer nie en die dood sal vir Hom vlug soos `n angstige bokkie vir `n jagtende leeu! As Hy egter van hierdie aarde af na die hemel toe sal gaan, sal Hy toelaat dat Sy vyande Hom drie dae in die doderyk hou; maar op die derde dag sal Hy uit eie mag die dood afweer en in alle krag en glansrykheid opstaan en met vlees en bloed na die hemel opvaar! Maar wee diegene wat Hom vervolg het; hul lot sal `n verskriklike vuurgerig wees, soos wat daar nog nooit op die aardbodem plaasgevind het nie! Wee alle hoogmoedige Judeërs! Tot aan die einde van die wêreld sal hulle geen eie land meer hê nie, **maar hulle sal op die hele aardbodem verstrooid ronddwaal soos vervloektes**, en hulle sal wild in die woestyn vertoef, en van stoppels, dorings en distels sal hulle ongenietbare brood maak om hul honger te stil, **en by die eet daarvan sal hulle sterwe!' –**

[3] Die bepaalde Babiloniër het dit ongeveer drie jaar gelede gesê; en dit is wel baie merkwaardig dat hierdie JaHshua so `n man is; weens woorde en dade is Hy alles wat die genoemde Babiloniër voorspel het, byna woordeliks bevestig en binne ons mure! Maar wat is daaraan te doen? As die een uitgekom het, dan sal die ander, naamlik die oordeel, ook wel uitkom! Daarom is ek oortuig dat ons Hom Sy gang moet laat gaan, soos wat Hy wil en kan; want dit kan baie moeilik word as ons met Hom in konflik sou kom! Want wie die dooies kan opwek, moet ook nog baie meer kan doen! Vir iemand waarvoor die berge buig en die wind en see stil word, sal ons nooit wen nie! Daarom, kom ons laat Hom gaan, ook omdat, soos wat julle self sien, verskeie honderde Sy leer al met liggaam en siel aanhang en Hom aansien vir die beloofde Messias!"

[4] Hierdie toespraak van die ou Násarener maak dat baie hulle nog meer vererg, maar niemand durf nog `n woord sê nie.

[5] Maar Ek sê dat daar met hierdie volk niks aan te vang is nie, omdat hulle geen geloof en geen vertroue het nie en daarom sê **Ek** baie kortliks, maar so hard dat almal dit goed kan hoor: "Waarom vererg julle julle nou eintlik? Ken julle nie die ou gesegde nie: '`n Profeet word nêrens so min geëer as in sy vaderland en in sy huis nie!' *(Matthéüs. 13:57)* Maar as dit dan nou so is, soos wat al die ou ervarings reeds vir ons geleer het, waarom vererg julle julle dan? Julle dink julle is slim, maar ek sê vir julle dat julle blind, doof en baie dom is! As EK HY is, wie EK IS, en My woorde en My dade daarvan getuig, waarom glo julle dan nie? Moet `n profeet dan altyd van ver kom om geloof te vind? Moet sy geboorteplek dan onbekend en sy taal vreemd wees?

[6] As Ek uit Persië of selfs uit Indië sou gekom het en die tekens sou doen wat Ek nou doen, wat niemand ooit voor My gedoen het nie, dan sou julle voor My op julle aangesigte gelê en skreeu het: 'Elohim het by ons gekom, en ons is vol sonde en gebreke! Wie sal ons verberg en ons teen sy toorn beskerm?' Maar omdat Ek julle bekende seun van Josef is, vra julle: 'Waar kry hy dit vandaan?' O julle blinde dwase! Is hierdie grond hier nie net so goed soos Elohim se aarde in Persië en Indië nie? Skyn hier nie dieselfde son, en word hier nie, net soos in Persië en Indië, deur Elohim se steeds heersende krag en mag allerlei vrugte tot wasdom gebring en rypgemaak nie? Is die maan en die sterre en die son en die aarde hier minder goddelik as in die genoemde lande?

[7] As daar egter geen twyfel bestaan dat alles hier net so goddelik en van Elohim is as in ander verre lande nie, waarom kan die mens dit dan nie sien nie? As Ek nou in julle teenwoordigheid dade doen wat vir geen Pers of Indiër ooit moontlik was nie, waarom kan Ek dan nie minstens so goed wees as `n dom Pers of Indiër om julle agting en julle geloof te kan verwerf nie? Waarlik, as Ek vandag na die Grieke en Romeine sou gegaan het, dan sou hulle tempels en altare vir My opgerig het!

[8] Daarenteen vra julle, omdat Ek in julle midde grootgeword het en omdat julle My al van kinds af ken, heel vererg en verwonderd: 'Waar haal hierdie timmerman dit nou skielik alles vandaan, terwyl ons hom altyd as `n egte lummel geken het?' O wag maar, die lummel is geen lummel meer nie, en het baie goeie dade vir julle gedoen - vroeër as lummel en nou nog meer as Meester en Verlosser; maar voortaan sal Hy dit nie meer doen nie!"

[9] Oor hierdie woorde vererg die Násareners hulle nog meer en hulle verlaat die skool.

### *Die aanneem van die ewige lewe*

**24** Toe sê **Cyrenius**: "Majesteit en Meester, dit lyk my dat hier sekerlik meer sprake is van domheid as van kwaadwilligheid! Want op `n paar na staan die Násareners as domkoppe bekend, en `n domkop is altyd die moeilikste om verstandig te maak! Weinig skoling, geen ervaring, meestal arm, weinig handel en bedryf! Hulle lewe meestal van dit wat akkerbou en van dit wat veeteelt hulle bied en kom na ons wete nooit - behalwe miskien eenmaal per jaar - in Jerusalem nie, waar hul geestelike ontwikkeling nie net stagneer nie, maar altyd afneem. Waar moet hulle dan `n beter verstand vandaan gaan haal om U goddelike leer en U goddelike dade te beoordeel? Bowendien is dom mense gewoonlik ook afgunstig, en soos wat ek opgemerk het, die ergste is dat veral hulle seuns, wat alle moontlike skole deurloop het, so ontsettend ver agter by U staan in alle Wysheid, Kennis en Geesteskrag! Ek glo dat hulle nie direk kwaadwillig is nie, maar wel baie dom is, hoewel dit soms ook kan ontaard in kwaadwilligheid, maar dit is natuurlik nie so skadelik nie, omdat `n dom mens ook op `n dom manier probeer om iemand te skaad. Laat hulle dus maar gaan!

[2] Sou iemand hom aan U wil vergryp, dan sal dit vir my en vir U nog minder besorg maak! Ten eerste het U oorvloedige, onbetwisbare goddelike krag om `n hele, goed uitgeruste oorlogsleër ruimskoots op die vlug te jaag - en hierdie pure domkoppe dus soveel te meer; en ten tweede staan ons as hoogste Romeinse gesagsdraers oor heel Asië aan U kant en dit kan U dus nooit aan beskerming ontbreek nie! Sou U hier vervolg word, dan weet U tog waar Sidon en Tirus lê! Kom daarheen, dan is U veilig teen enige soort vervolging!

[3] Dat hierdie Násareense burgers egter so goed as geen beskawing het nie, het ook wel duidelik geblyk toe hulle byna almal uit suiwer dierlike nuuskierigheid, meer om aan te gaap as vir menslike kontak, na die skool (sinagoge) toe geloop het waar hulle my en van die ander hooggeplaaste menere en gebieders ook maar met die minste gebaar begroet het! Soos esels, osse en dom skape kom hulle na binne gedrom en dit kom voor asof dit net hulle is wat die heersers van die aarde was! Ek kan hierdie mense dit egter nie as `n sonde toereken nie, want hulle is ru, dom en ongeskoold, en ek glo dat U, o Meester en Majesteit, hulle nog duisendkeer beter ken, dat U hulle dit ook nie as `n sonde sal aanreken nie!"

[4] **Ek** sê: "Dit kan jy wel as vasstaande aanneem, Ek sal dit sekerlik nie doen nie! Maar dit is alles daarin geleë dat hulle in hul hart besef wie Ek is; want slegs daarvan hang hul ewige lewe af! Erken hulle My nie, dan kan hulle ook nie Hom erken wat My in die wêreld ingestuur het nie - en besef hulle glad nie **dat Ek en HY wat My gestuur het, Één is nie!** Solank hulle harte dit nie besef nie, het hulle My nie in hulle nie en daarmee ook nie die ewige lewe nie en **is hulle geestelik dood**! Want juis Ek Self is tog die ewige Lewe Self, en deur My leer, die weg daarheen.

[5] Wie daarom My en My leer nie aanneem nie, die neem ook die ewige lewe nie aan nie, en daarom bly slegs die ewige dood vir hom oor.

[6] Tog mag Ek niemand dwing om te glo nie, omdat elke dwang `n geestelike oordeel sou wees, dit net as ongeloof die dood tot gevolg sou hê - en daarom is dit hier selfs vir Elohim moeilik om so te werk te gaan dat die mens geen skade ly aan sy siel nie! As die mens deur die een of ander nog so onopvallende mag gedwing word, val hy in die oordeel; word hy egter glad nie gedwing nie, dan bly hy ongelowig en twyfel aan alles en bewys daardeur juis dat sy gees heeltemal dood is. Wie of wat moet dan sy gees tot lewe bring?

[7] My lewendgemaakte woord neem hy nie aan nie - en sodoende **ook nie vir My nie, die enigste bron van alle lewe in die hele oneindigheid**; sê eers self waarom hy dan nog verder moet lewe en waarom Ek hom daar moet gaan haal."

[8] **Cyrenius** sê: "Ja, ja, dit is vir my nou wel duidelik en dit moet ook wel so wees, omdat ek al dertig jaar weet wie U is; maar ons sal dit maar met rus laat, ek sal hierdie mense nog wel gelowig maak! Nou gaan ons egter verder en eers sien waar ons `n middagete sal kry! Dit is al taamlik ver in die middag." - Daarop verlaat ons die skool en die stad en gaan na My huis, waar `n goeie maaltyd al op ons wag. Opgeruimd eet en drink ons en ons was hierdie hele verdere dag in `n opgewekte stemming.